



**WAT IS DIE
WARE
EVANGELIE?**

© 2017 PHILADELPHIA CHURCH OF GOD, ALL RIGHTS RESERVED

© 2017 FILADELFIA KERK VAN GOD, AFRIKAANSE AFGELEIDE VERTALING, ALLE REGTE VOORBEHOU

Wat is die ware evangelie?

Dit is by verre ongeloofliker as wat meeste mense bese! **DEUR GERALD FLURRY**
Herdruk Artikel Vanuit die Filadelfia Basuin, Maart 2014

ONS WÊRELD IS OORLAAI MET VERWARRING. HOE KAN ONS ons weg daardeur vind? Van alle dinge, behoort ons na godsdiens te kan kyk om die weg aan te wys. Tog vind ons dieselfde verwarring hier! Godsdiens word deur alle soorte ernstige, en grondliggende meningsverskille geteister.

Selfs binne die Christendom is daar 'n verskeidenheid evangelies: die evangelie omtrent Jesus Christus, die evangelie van saligheid, die evangelie van genade, die evangelie van die Koninkryk, die sosiale evangelie, die Israel boodskap—en vele meer. Verwarring.

WAT IS DIE WARE EVANGELIE? Selfs belydende Christene het dit *verloor!* En die evangelie is *alles!* Dit is waaroor die hele boodskap van die Bybel handel!

Hoe belangrik is die evangelie werklik vir u? En hoe noodsaaklik is dit dat u die *ware* evangelie *glo*?

Om die evangelie te kan glo, moet u weet wat dit is. *Weet* u wat die ware evangelie is en kan u dit vanuit u Bybel bewys?

'n Dubbel Vloek!

Die Apostel Paulus het die ware evangelie geken en dit gepreek. En let op wat hy aan God se mense in Galasië geskryf het: “Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle *'n evangelie verkondig in stryd* met die wat ons julle verkondig het, LAAT HOM 'N VERVLOEKING wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle *'n evangelie verkondig in stryd* met die wat julle ontvang het, laat hom 'n VERVLOEKING wees!” (Galasiërs 1:8-9). Paulus het 'n dubbele vloek uitgespreek op homself of enige mens, SELFS ENIGE ENGEL WAT ENIGE ANDER EVANGELIE VERKONDIG.

Ons moet *weet* wat die ware evangelie is. Ons wil nie die evangelie van mense volg wat dubbel deur God vervloek word nie! Dit is uiters belangrik om dit reg te kry! Hierdie onderwerp affekteer ons ewige lewens.

Wat is die ware evangelie?

'Die Evangelie van Jesus Christus, die Seun van God'

Kom ons kyk na een van die mees bemoedigendste inleidings vir enige boek van die Bybel. Dit is een vers, net 12 woorde—tog vertel dit mens soveel aangaande die ware evangelie! Dit behoort genoeg te wees om u vir die res van u lewe te inspireer!

Dink wat hierdie vers vir u beteken: “Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God” (Markus 1:1). Markus het die “evangelie van Jesus Christus, die Seun van God” bekend gestel. Dit was nie die boodskap van 'n mens nie,

maar DIE BOODSKAP wat *Jesus Christus* gebring het. 'n Begrip van “die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God” laat mens diep geïnspireerd.

Dit is 'n *wonderlike* inleiding tot Markus se boek—tog verstaan mense dit nie, omdat hulle nie anderkant die bedrieëry van hierdie wêreld kan kom nie. U kan aan uself bewys dat selfs sprekers wat 'n evangelie leer het hierdie vers menigmaal *aan flarde geskeur!*

Menige predikers praat van wat hulle 'n “evangelie” boodskap noem. Maar preek hulle “die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God”? Daardie evangelie is 'n BOODSKAP. Dit is nie omtrent 'n die persoon van Christus nie—dit is die boodskap wat CHRISTUS SELF NA HIERDIE WÊRELD GEBRING HET. Jesus het 'n *boodskap* gebring en daardie boodskap was nie *oor Homself* nie!

Die evangelie is die goeie nuus wat Jesus Christus gepreek het. 'n God het van die hemele neergedaal aarde toe, 'n kans gevat met die moontlikheid dat Hy Sy *eie* ewige lewe sou verloor, en vir ons sondes gesterf sodat ons gered kan word en hierdie kosbare waarheid kan verstaan! Hoe *ontsettend* belangrik is hierdie onderwerp nie!

Dit is steeds Christus se boodskap, selfs nou. Hierdie boodskap *vul u lewe* met GOEIE NUUS! Dit is geen fantasie nie—dit is WERKLIKE, EGTE NUUS. Die ware evangelie is die beste nuus wat hierdie wêreld ooit ontvang het! In werklikheid, is dit die *enigste* goeie nuus in hierdie bese wêreld—daar is geen ander! As u daardie 12 woorde in Markus 1 verstaan, sal dit u vreugde, vrede, geluk en opwinding verskaf. Die ware evangelie is groter as enigiets wat u uself kan voorstel.

Tog was hierdie ongelooflike boodskap verlore! Meeste mense verstaan dit nie. Menige blyk dat hulle nie *wil* verstaan nie, tot hul eie pyn, lyding en skaamte. Waarom draai so baie weg daarvan? Omdat die meeste mense—regdeur die mens se geskiedenis—*mislei* is. Hulle het selfs vir JESUS CHRISTUS, wat hierdie boodskap gebring het, VERMOOR. En hulle het hom vermoor *as gevolg van* daardie boodskap! Hoe verklaar u dit? Mense het Sy boodskap gehaat omdat hulle verskriklik mislei was—en tot vandag toe nog, haat mense *steeds* hierdie boodskap, skokkend as wat dit is!

In Maléagi 3:1, het God voorspel dat Hy die “Engel (Boodskapper) van die verbond” sal stuur. Dit praat van Jesus Christus. Christus was die Boodskapper van die Nuwe Verbond. Hy het die goeie nuus van die Nuwe Testament gebring. Christus was 'n boodskapper en Hy wil hê ons moet op die *boodskap* wat Hy gebring het, fokus. Tog glo miljoene

mense 'n evangelie wat op die **PERSOON** van Christus gerig is. Dit is daar waar die bedrog lê: Hulle fokus nie op *wat Hy gesê het* nie.

Watter soort liefde het God, dat Hy Sy Eniggebore Seun aan hierdie wêreld sou gee en hulle toelaat om Hom te vermoor, sodat hulle almal deel kan hê aan daardie goeie nuus vir alle ewigheid? Daardie liefde oorskadu enigiets wat ons, ons kan voorstel. Dit is die liefde van God!

In 'n wêreld wat oorloop van slegte nuus, is die evangelie goeie nuus vir u. U moet verstaan presies wat dit is. Wat is dit wat God wil hê u moet leer, wat u lewe met goeie nuus sal vul?

Vader en Seun

Lees daardie woorde weer 'n keer: “Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.” Waarom noem Markus die *Seun van God* saam met die evangelie? Is “Jesus Christus” nie genoeg nie? Nee, dit is nie. U benodig “Jesus Christus, die Seun van God.” Dit is nie 'n versiering nie—dit is 'n kritieke begrip. Ons moet verstaan waaroor die evangelie handel en die *Seun van God* vorm weliswaar 'n belangrike deel daarvan!

As daar 'n *Seun* van God is, dan **MOET DAAR OOK 'N VADER WEES**.

Om hierdie waarheid te verstaan, kyk na die Evangelie van Johannes. Hy begin deur 'n tyd te beskryf toe slegs God en die Woord bestaan het. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Johannes 1:1). Let daarop dat hierdie vers God en die Woord noem, maar dit bespreek *nie* Vader en Seun *nie*. Wanneer mens dit saam met ander Skrifgedeeltes voeg, sal u sien dat God, die Vader geword het en die Woord, die Seun. Waarom? Weens 'n groot meesterplan wat God nie net vir Sy Seun het nie, maar ook vir al die biljoene mense wat ooit geleef het—selfs diegene wat, tot op hede nog nooit die naam van Christus gehoor het nie!

Daar was 'n tydstip in die geskiedenis toe die Woord Sy heerlijkheid *prysgegee* het en 'n klein selletjie geword het—en God *Hom* in die moederskoot van Maria *verwek* het (vers 14). Op daardie tydstip, het die Woord die *Seun van die Vader*, geword. Daar was Vader en daar was Seun—daar was *familie*.

Waarom? Waaroor gaan dit alles? Dit gaan oor u! Dit is 'n plan vir u en vir **MY** en vir die **HELE MENSDOM**! “Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God” is omtrent die *God Familie*.

Die Seun Het die Vader Verklaar

Let op vers 18 van Johannes hoofstuk 1: “Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore

Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het **HOM VERKLAAR**.” Die wêreld het nie eers van God die Vader *gewee* totdat Jesus na die aarde gekom het en *Hom begin verklaar* het nie.

Waarom sou Christus kom om die Vader te verklaar? Omdat Hy die Seun is en Sy boodskap was omtrent die Vader en die Seun. Hy het 'n boodskap aangaande die *God Familie* gebring.

In Johannes 12:49, het Christus gesê, “Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet

spreek.” Stel u voor dat Jesus Christus Sy Vader se Geboorte só gehoorsaam het!”

In Johannes 14:24, het Hy gesê, “[D]ie woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.” Sy boodskap was *van die Vader*, en dit was omtrent die *God Familie*.

Hoeveel mense verstaan dit? Hoeveel verstaan selfs wat Christus vanaf die Vader en omtrent die Vader onderrig het?

Hier is waar mense baie foute maak. “En Jesus antwoord en sê vir hulle: *Pas op dat niemand julle mislei nie*. Want **BAIE** sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Mattheüs 24:4-5). Hy het nie gewaarsku van mense wat beweer het dat hulle Christus *is* nie. Hy het voorspel dat *baie* mense **OOR CHRISTUS SAL PRAAT!** Hulle sê Jesus is die Christus—hulle preek 'n evangelie omtrent die persoon van Christus! *Maar hulle ignoreer die goeie nuus wat Christus gebring het!* Die *ware* evangelie, die egte goeie nuus van Jesus Christus, is nie oor die persoon van Christus nie—tog is dit presies waar die Christendom die spoor byster raak. “**BAIE** sal onder my Naam kom,” het Christus gewaarsku. *Baie het* gekom met 'n boodskap omtrent Christus en hulle *het BAIE mislei*. Dit het reeds gebeur, en gebeur nog steeds.

Jesus het nie gekom om Homself te verklaar nie. Hy het gekom om die Vader te verklaar en die boodskap van die Vader aangaande die *God Familie!*

Die Familie van God!

Herbert W. Armstrong het die Bybel geken soos min mense op aarde dit ooit geken het. Vyf maande voor sy dood, in die Augustus 1985 uitgawe van die “*Good News*” tydskrif, het hy hierdie selfde onderwerp omtrent die evangelie van die Koninkryk van God, aangespreek. “En wat was daardie evangelie boodskap?” het hy geskryf. “Dit was die *nuus* aangaande die komende Koninkryk van God. En wat *is* die Koninkryk van God? Dit is die geestelike *Familie* van God, wat oor al die nasies op aarde sal heers, met die regering van God” (klem deurgaans myne).

Hoeveel weet u omtrent die *God Familie*? Meeste mense is baie verward daaroor. Maar die Bybelse leerstelling omtrent hierdie onderwerp is egter heel eenvoudig.

Die Bybel openbaar dat dit die *God Familie* is, wat oor die hele aarde gaan *heers* in die Wêreld van Môre. Jesus Christus sal Koning van die konings en Here van die here wees—die voorste Koning en Here oor *baie* konings en here, wat onder Hom sal wees (bv. Openbaring 19:16).

Jesus was *gebore* as 'n Seun van God die Vader. Maar alhoewel Hy die *eersgebore* Seun is, sal Hy nie die *enigste* Seun wees nie—maar “die *eersgeborene* ... onder **BAIE BROEDERS!**” (Romeine 8:29). Dis reg—God se heiliges is “kinders van God ... en as ons kinders is, dan ook *erfgename*, erfgename van God en **MEDE-ERFGENAME VAN CHRISTUS**, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook **SAAM** met Hom **VERHEERLIK** kan **WORD**” (verse 16-17).

Dit is waaroor die evangelie handel! God gaan biljoene mense red en hulle in Sy Familie inbring, wat met die Vader se verwekking van Christus begin het.

Mnr Armstrong het verder gesê: “**EN GOD IS 'N KONINKRYK—DIT IS, DIE OPPERSTE GODDELIKE FAMILIE WAT DIE HEELAL REGEER!**” Dit het alles betrekking op *familie!*

In sy boekie *Wat Is die Ware Evangelie?*, het mnr Armstrong geskryf: “Vier dinge is nodig om ‘n koninkryk,” of God se Familie, in hierdie geval, “saam te stel: 1) die landstreek, met sy spesifieke ligging en duidelike grenslyne, met 2) ‘n koning of Oppermagtige Regeerder of regerende agent, wat oor 3) onderdane of burgers binne daardie regsgebied regeer, met 4) wette en ‘n vorm van regering.” Dit is wat dit verg om ‘n koninkryk te maak—en dit is wat hierdie Familie in die Wêreld van Môre gaan wees: ‘n FAMILIE van God, of ‘n Koninkryk van God. Daardie twee terme beteken presies dieselfde hier.

“Die Koninkryk van God begin met ‘n familieverhouding,” het mnr Armstrong in daardie “*Good News*” artikel geskryf. “[E]ers, die fisiese gesinne, tweedens, die een kompakte, saamgebonde Kerk en laastens, wanneer die Kerk na ONVERGANKLIKHEID verander is, die God Familie—wat die Koninkryk van God is.”

Die God Familie gaan die aarde saam met Jesus Christus regeer—en dit *sal* die Gees-gegenereerde heiliges *insluit*. Diegene wat nou uitverkore is, voor Christus se Wederkoms, gaan saam met Hom en God die Vader, tot in ewigheid heers—in die God Familie!

Die ware evangelie openbaar dat u vandag deel van die God Familie kan word, in embrio en met die soort liefde wat God vir hierdie wêreld het, gevul kan word. En u kan uiteindelik in die God Familie gebore word, net soos Jesus Christus, die Seun van God, was!

‘n Gesins-Evangelie

Sien u nou waarom Markus die ware evangelie met “Jesus Christus, die Seun van God” ingelei het? Dit is omdat die *ware* evangelie ‘n GESINS-evangelie is! Dit is ‘n FAMILIE wat oorloop met ‘n liefde wat soveel groter is as wat u al ooit in enige familie gesien het—die soort liefde waar een lid van Godheid alles gewaag het, gekom het en vir al ons sondes *gesterf* het, om ons ‘n kans te bied om deel van die *egte* goeie nuus te wees.

Mnr Armstrong het verder geskryf: “Toe Jesus as mens van die maagd Maria gebore was, het Hy die Seun van God geword. Hy was ‘Emmanuel’—God met ons—God in verganklike mensvlees om dit *moontlik* te maak vir die res van ons mense om in die God Familie gebore te word!” (ibid). Watter soort liefdesdaad kan dit *oort* ewenaar? Watter liefdesdaad kan ooit naby dit kom? ‘n God het aarde toe gekom en vir die stukke klei wat Hy geskape het, *gesterf*. Dit is ‘n liefde wat u nooit voorheen kon verstaan as u nie die ware evangelie van die Bybel verstaan nie.

“Maar toe Jesus in die skoot van die maagd Maria verwek is, was Hy NIE, soos alle ander mense, deur ‘n menslike vader verwek nie, maar die God, die verheerlikte Vader, deur die krag van God se Gees, wat van Sy persoon uitstraal,” het Mnr Armstrong geskryf. “Toe Jesus ‘n volwassene geword het, het Hy vir ons die voorbeeld gestel om aan Sy Vader in die hemel te bid. Hy het die Seun van God geword. En so het ons dus ‘n goddelike Familie verhouding—Vader en Seun. Dit is ‘n gesinsverhouding!” (ibid). Die Vader en Seun het daardie Familie vir *almal* wat ooit geleef het, *ooggemaak*! Hoekom? Omdat God die Vader en Jesus Christus, die Seun, ‘n familie wil hê!

“Die Kerk sal, dan, die eintlike *gebore* erfgename van die Koninkryk van God, die goddelike Familie, word!” Mnr Armstrong het voortgegaan. “Die Koninkryk van God sal dan die God Familie word, wat oor die heelal sal heers!” Dit alles om ‘n familie te word!

Ons kan God se liefde soveel beter verstaan as ons ‘n liefvallige menslike gesin verstaan. Dit gee ons ‘n goeie insig daarin. Maar dit strek nog steeds ons verbeelding om aan God se Familie van liefde te dink.

In 1 Korinthiërs 15:19, het die Apostel Paulus geskryf dat as ons slegs hoop vir hierdie lewe het, is ons die ellendigste van alle mense. U moet die HOOP hê wat verder as hierdie lewe strek, of u gaan ELLENDIG wees! Maar as u die hoop het wat Christus in Sy boodskap van goeie nuus, aanbied, sal u met vreugde gevul word! Het u hoop in u lewe? Of is u ellendig? God se uitverkorenes het hierdie hoop en elke mens op aarde het die GELEENTHEID om daardie hoop in hul lewens te hê. Maar Satan het hul mislei en hulle het dit verwerp.

Daar gaan ‘n familie wees! Watter betekenis hou dit vir u in? Wat beteken dit om in staat te wees om ‘n lid van God se Familie in alle ewigheid te wees?

Ongelooflike Goeie Nuus!

“Satan is subtiel besig om die menslike gesinsverhouding te vernietig,” het Mnr Armstrong voortgegaan. Met die egte evangelie in gedagte, dink wat is besig om op hierdie oomblik met die *gesin* te gebeur. Satan is besig om die menslike gesinsverhouding te *vernietig*! Wat beteken dit vir hierdie wêreld en daardie goeie nuus? Dit mislei mense selfs verder omtrent God. Dit is waarom daar soveel *ellende* in hierdie wêreld is: Mense ken nie die ware evangelie omtrent God se Familie nie en hulle is selfs besig om fisiese gesinne te vernietig!

God gaan ‘n einde aan daardie verwoesting maak. Dit is deel van die goeie nuus! Soos Mnr Armstrong geskryf het, “En in daardie gelukkige Wêreld van Môre, sal verganklike mense, deur die God Familie geleer en regeer, die *vreugdes* en *seëninge* van ‘n gesonde huis-en-gesinsverhouding leer ken, met geestelike redding en ewige lewe om na uit te sien” (ibid).

Jesus Christus het nie gegrap nie. Hy was nie besig om ‘n waan te versprei nie. Die Vader en die Seun gaan ‘n familie van biljoene hê! Hoe tragies dat die hele wêreld *blind* is vir hierdie waarheid! En hoe ongelooflik is die wonderlike, *wonderlike* waarheid van God!

DIE EVANGELIE IS DIE GOEIE NUUS VAN DIE KOMENDE FAMILIE VAN GOD WAT OOR HIERDIE WÊRELD GAAN HEERS—‘n familie wat die liefdevolle, self-opofferings heerskappy van God sal uitvoer.

Markus het hierdie evangelie ingelei deur op die goeie nuus van die boodskap van “Jesus Christus, die Seun van God,” te fokus! Daardie Seun het ‘n Vader. En daar gaan *biljoene ander seuns* in daardie familie ingebring word!

Glo U Christus?

As u deel van daardie goeie nuus wil wees, moet u *glo* wat God sê! Jesus Christus het mense geleer dat hulle die evangelie moet GLO! Op daardie tydstop, het menige mense

aan Hom geglo. Maar verbasend genoeg, het baie van daardie Jode *wie aan Hom geglo het* (Johannes 8:31) HOM PROBEER VERMOOR! (Vers 37). Waarom? “[J]ulle probeer om My om die lewe te bring, *omdat my woord geen ingang in julle vind nie,*” het Hy verduidelik. Hulle wou Hom OOR SY BOODSKAP vermoor!

GLO u CHRISTUS? Dit is *nie genoeg* om net in die *persoon* van Christus te glo nie. Dit is ‘n *ander evangelie*. Om die ware evangelie te glo, moet ons Hom GLO! Ons moet Sy boodskap *glo*. Ons moet regtig hard werk om geloof te bou en te *glo* wat Hy gesê het! Dit bring die geluksaligheid en vreugde in u lewe

wat elke persoon op aarde hoort te hê—selfs nou, op hierdie oomblik!

Mense, selfs godsdienstige mense—selfs mense wat aan Christus glo—sal vreeslike goed doen as die ware evangelie nie deel van hulle is nie. Hulle sal selfs sover gaan om Jesus Christus te vermoor!

Maar as u Hom *glo, en* Sy evangelie glo, sal u ‘n ongelooflik wonderlike toekoms hê wat u na u asem sal laat snak! Dit is by verre die wonderlikste gesig wat u in u gedagtes kan optower! Dit is die WARE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS, DIE SEUN VAN GOD!

Die Verrassende Openbaring oor wat Christus se Evangelie was.

DEUR HERBERT W. ARMSTRONG

Uittreksel vanuit *Die Ongelooflike Menslike Potensiaal*, hoofstuk 2

ONS HET GESIEN HOE DIE BELANGRIKSTE KENNIS—WAT deur die Skepper van alle rasse gestuur is—onderdruk was en ‘n ander “evangelie,” onregmatig aan ‘n baie misleide en onwetende wêreld afgesmeer is. Die wêreld het daarna van die *boodskapper* gehoor, maar nie die boodskap wat Hy gebring het nie. Die tyd het aangebreek dat hierdie ongelooflike boodskap aan die wêreld openbaar moet word.

Wat Dan, is die Ware Evangelie?

Die ware evangelie is die goeie nuus wat God uit die hemel, deur Jesus Christus gestuur het. Hierdie boodskap, wanneer dit *ten volle* begryp word, openbaar ‘n menslike potensiaal so groot, dat dit vir eers totaal ongelooflik is! Dit is *ongelooflike wonderlike* nuus wat die Skepper openbaar.

Dit onthul die wonderlikste WAARHEID, wat ‘n mens se verstand kan inneem.

Dit verklaar wat ek in eenvoudige taal noem, DIE VERMISTE SKAKEL IN KENNIS—die *noodsaaklikste* kennis, so lewensbelangrik om te weet!

Hierdie lewensbelangrike boodskap openbaar waarom die mens hier op aarde geplaas is. Dit is lewensbelangrike kennis wat die wetenskap nie kan ontdek nie, godsdiens nie openbaar het nie, en onderwys nie kan leer nie.

Waarom? Is ons met ‘n DOEL hier geplaas? Wat is daardie doel?

Is daar na alles, nut en betekenis in mens se lewe? ‘n Doel en betekenis wat van die mens weerhou is? Dit is noodsaaklike kennis wat BUITE die bestek van vandag se wetenskap, godsdiens en onderrig val!

Die Verlore Skakel in Kennis

As daar ‘n doel is, wat is dit? Waarom is *u* gebore?

Waarheen is ons op pad? Wat is die uiteindelijke potensiaal van ‘n mens? Wat is die weg? *Hoe* bereik ons daardie lotsbestemming?

Wat is *die weg na vrede*—tussen nasies, individue en groepe?

Waarom al die wêreld se euwels? Waarom kan ons nie ons menslike probleme oplos nie?

Daar IS ‘N WEG, wat die deur die ware evangelie onthul word! Dit is ‘n basiese wet wat met onbuigbare en onversetlike krag *werk*.

Wat is die menslike natuur? Het God die mens daarmee geskep om ons te hinder? Is dit oorerflik? Hoe werk dit? Nie moderne wetenskap, godsdiens of die onderwys kan u sê nie.

Wat is die menslike verstand en *hoe* verskil dit van die dierlike brein? Waarom, as die menslike verstand die rekenaar ontwikkel en kan leer om mense na die maan te stuur en terug te bring, kan sulke breinkrag nie hul eie probleme hier op aarde oplos en in vrede met hul medemens lewe nie?

Wat is die mens? Wat is *ons* nou eintlik? Die wetenskap kan nie daardie geheim leer nie, godsdiens het dit nog nooit *reg* verklaar nie, maar die ware evangelie, wanneer dit *ten volle* verstaan word, openbaar die antwoord en die waarheid!

Wat is die regte waardes? Wat is belangrik en wat is nutteloos en van geen waarde nie? Die mensdom verkwis energie opsoek na *valse* waardes—spandeer hul arbeid en denke in die na-jaag van waardelose dinge, wat, wanneer dit bereik word, niks beteken nie.

Die ware evangelie, as dit *ten volle* begryp word, verduidelik die oorsprong van die Duiwel. Het God ‘n Duiwel geskep om die mensdom te mislei en te teister? Die evangelie verduidelik hoe Satan die groot—alhoewel onsigbaar en verberg—MAG is wat onsigbaar heerskappy voer en hierdie wêreld eintlik regeer. Dit verduidelik waarom Satan al sy lis en geslepenheid ingespan het om, deur mense wat hy kon mislei, hierdie lewensbelangrike boodskap wat God deur Jesus Christus na die mensdom gestuur het, te onderdruk.

Onthou dit: Indien die mensdom *ag* sou slaan op hierdie ware evangelie boodskap, sou dit die wêreld van feitlik al die angs, probleme, lyding en booshede gespaar het.

Dit is vir my onmoontlik, om in ‘n paar woorde, dit duidelik genoeg te stel, met die nodige klem, sodat die leser die geweldige betekenis en belangrikheid van daardie *ware* evangelie boodskap kan *begryp*.

Sels vandag, *wanneer* dit gehoor word, word dit selde *regtig* verstaan in al sy belangrikheid, omdat Satan ‘n rookskerm van valse en nagmaakte gelowe, “evangelies” en leringe gevorm het, om die hoorder of leser te verwar en in twyfel en ongeloof te laat—of in ‘n staat van onverskilligheid ten opsigte van die belangrikste dinge in die lewe.

Nietemin, nou, net voor die EINDE van hierdie eeu het die Almagtige God bepaal, dat “*hierdie* evangelie van die koninkryk

sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" (Matthéus 24:14). Dit is die boodskap wat God, deur sy eindtyd apostel, aan staatshoofde in hoofstede dwarsoor die wêreld verkondig het.

Die ware evangelie, as dit beskou word *met* alles wat dit insluit—die rede daarvoor, die prehistoriese waarheid oor die aarde se eerste bewoners, die rede waarom mense geskape en op die aarde geplaas is, die OORSAAK van al die wêreld se boosheid en lyding, die aard van die mens se verstand, die noodsaaklikheid van saligheid en wat dit is, die komende wêreldvrede, wat verderaan voorlê, en die mens se ongelooflike potensiaal—word dit die *mees alomvattende* onderwerp wat die gedagtes van die mens kan binnedring. Naas dit, is *alles* onbelangrik. Dit is groter as enige verhaal wat ooit van die mens geskrywe is.

Wat Was Christus se Evangelie?

God die Vader het belowe dat Hy 'n boodskapper vanuit die hemel, na die aarde sou stuur, met 'n boodskap van Hom, vir alle mense. Hierdie boodskap is vervat in Maleági 3:1: "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan [en *daardie* boodskapper, soos in Markus 1:2 verduidelik, was Johannes die Doper] dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek ..." Die "Here" verwys natuurlik na Jesus Christus.

Dit was die voorspelling. Die rekord hiervan word in die eerste hoofstuk van Markus gevind: "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God." Dan volg die weergawe van Johannes die Doper, wat die weg vir Hom voorberei het. Verse 12 en 13 is die weergawe van Jesus se versoeking deur Satan, *waartydens Satan probeer het om Christus geestelik te verwoes*, alvorens Hy 'n woord van die boodskap wat Hy van die Vader ontvang het, bekend kon maak. Meer omtrent hierdie groot versoeking en toets later. Daarna volg verse 14 en 15:

"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie..." *Watter evangelie?* "... van die koninkryk van God verkondig..." Dit is die evangelie wat Christus verkondig het. Die boodskap wat Hy gebring het is die boodskap oor die *Koninkryk van God*.

Dit is die boodskap wat God, AS 'N GETUIENIS aan al die nasies, verkondig wou hê! Maar sedert die eerste eeu, weet die wêreld NIKS omtrent die Koninkryk van God nie, omdat daardie boodskap nie aan die wêreld ná die eerste eeu, verkondig was nie.

Hierdie boodskap, wanneer dit verduidelik en ten volle verstaan word, dek 'n wye veld van kennis wat bekend gemaak is. Dit openbaar—ek herhaal—wat vir die wetenskap absoluut ONMOONTLIK was om te ontdek, wat godsdiens nog nooit onthul het nie, wat hierdie wêreld se onderwysstelsel nooit geweet of onderrig het nie.

Neem Kennis Hiervan

Daar is n paar betekenisvolle punte waarop gelet moet word.

Een is, dat in Maleági se profesie, word Christus 'n *boodskapper*, wat 'n boodskap gebring het, genoem was—maar ook, word Hy die "*Engel [boodskapper] van die verbond*" genoem, wat 'n baie belangrike betekenis het, wat later verduidelik sal word.

Weereens, let op die 15de vers van Markus 1. Jesus het "in Galiléa gekom en die evangelie van die Koninkryk van God verkondig," en gesê "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom: bekeer julle en glo die evangelie."

Wat het Hy bedoel met, "Die tyd is vervul"? En waarom was die Koninkryk van God, *dan* "naby," as dit nie *voor* daardie presiese tyd was nie?

Hierdie punte is van die hoogste belang.

Maar eers, voordat ek vollediger verduidelik wat die Koninkryk van God is, neem kennis dat hierdie beslis die evangelie boodskap *is* wat Christus van God die Vader gebring het—dieselfde boodskap wat die oorspronklike apostels verkondig het—dieselfde boodskap wat Paulus aan die Heidene verkondig het.

Christus het geen ander evangelie gebring nie

Jesus het gesê, "Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, *want daarvoor is Ek gestuur*" (Lukas 4:43).

Jesus het sy dissipels opdrag gegee om die Koninkryk van God te onderrig. "En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep... En Hy het hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig ..." (Lukas 9:1-2).

"Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die *koninkryk van God* en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue." (Handelinge 8:12).

"En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die *evangelie van die koninkryk* verkondig ..." (Matthéus 4:23).

Jesus se gelykenisse het oor die koninkryk van God gehandel.

Aan sy dissipels, toe Hy die gelykenis van die saaiër verduidelik het, het Hy gesê,

"Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die *koninkryk van God* te ken" toe het hy die gelykenis aan hulle verduidelik.

Weereens, "En Hy (Jesus) het gesê: Hoedanig is die *koninkryk van God* en waarmee sal Ek dit vergelyk?" (Lukas 13:18)—en daarna het die gelykenis gevolg.

"Weer het Hy gesê, Waarmee sal Ek die *koninkryk van God* vergelyk? Dit is soos suurdeeg ..."—en daarna volg die gelykenis van die suurdeeg (Lukas 13:20-21).

Een van Sy belangrikste gelykenisse is word in die 19de hoofstuk van Lukas aangetref: "...vertel Hy daar nog 'n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was *en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn*" (Lukas 19:11). Daarna vertel Hy die gelykenis van die edelman, wat na 'n ver land gereis het om vir homself 'n koningskap te ontvang en dan terug te keer—'n voorstelling van Christus se hemelvaart waar die kroningsplegtigheid sal plaasvind en Sy wederkoms, om oor al die nasies van die aarde te regeer, as Koning van die konings, en Here van die here, in al die mag en glorie van die grote God.

Watter evangelie het die apostels en Paulus verkondig?

Het die Apostels en Paulus 'n Ander Evangelie Verkondig?

Na Christus se opstanding, was die apostels veertig dae saam

met Hom. Het hulle enige *ander* evangelie as die Koninkryk van God gedurende daardie tyd onder mekaar bespreek? Let op net voor Christus se hemelvaart. Lukas het voorheen opgeskryf wat Jesus gedoen en gesê het “tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het: aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het ...” (Handelinge 1:2-3).

Let daarop dat Christus na Sy opstanding met Sy dissipels “die dinge wat betrekking op die Koninkryk van God het,” bespreek het.

Hulle het, net voor Hy opgevaar het, Hom gevra: “Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?” (Handelinge 1:6). Die apostels het blykbaar nooit verstaan dat die Koninkryk van God, nie in hulle leeftyd op die aarde gevestig sou word nie, selfs met Christus se onderrig—vernaamlik die gelykenis van die ponde (Lukas 19, hierbo aangehaal)—moes dit eintlik vir hulle duidelik gewees het.

Twee jaar, na die Kerk van God se ontstaan op die dag van Pinkster, 31n.C., het die vals beweging, gelei deur Simon die Towenaar, begin. Die historiese boek van Handelinge wys die volgende: “En daar het in dié tyd ‘n groot vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal is verstrooi oor die streke van Judéa en Samaría, behalwe die apostels...En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die *woord van die evangelie* verkondig”. Watter woord? Vervolg:

“En Filippus het afgekom in ‘n stad van Samaría... Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die *evangelie aangaande die koninkryk van God* en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop” (Handelinge 8:1-12).

In Éfese, het die apostel Paulus “vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die *koninkryk van God* aangaan.” (Handelinge 19:8). Op ‘n latere reis, het Paulus van Miléte af, al die ouderlinge van die gemeente in Éfese laat roep. Terwyl hy hulle groet sê hy aan hulle, “En nou weet ek dat julle almal onder wie ek rondgegaan en die *koninkryk van God verkondig* het, my aangesig nie meer sal sien nie” (Handelinge 20:25).

In Rome, het baie “na hom [Paulus] in sy verblyfplek gekom. En in ‘n kragtige getuienis het hy vir hulle die *koninkryk van God* uitgelê” (Handelinge 28:23).

Weer in Rome, “En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, terwyl hy die *Koninkryk van God* gepreek het” (Handelinge 28:30-31).

Het Paulus enige *ander evangelie* verkondig? Aan die Galásiërs het hy geskryf, “Maar al sou ons of ‘n engel uit die hemel julle ‘n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ‘n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle ‘n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom ‘n vervloeking wees!” (Galásiërs 1:8-9).

Verse 6 en 7 dui egter aan dat die Galásiërs alreeds na ‘n ander evangelie gedraai het.

Jesus het van sy boodskap—die Koninkryk van God—as die “woord” wat Hy spreek, gepraat. Die apostels, soos julle

deurgaans in Handelinge sal lees, het oral gegaan en die “woord”—wat die Koninkryk van God beteken—gepreek.

Die Allesomvattendheid van ‘n Volle Begrip

Ek moet weereens op hierdie punt, die leser se aandag vestig, op die feit dat ‘n volle en *totale* insig van die boodskap wat God—deur Sy Goddelike BoodsAPPER, Jesus Christus—aan die mensdom gestuur het, ‘n omvangryke begrip van God se groot doel behels, sowel as dié van prehistoriese, historiese, huidige en toekomstige gebeurtenisse.

Ek kan noem dat dit ‘n algehele begrip van al hierdie dinge beteken! As dit verstaan word, wil dit voorkom asof die sogenaamde ontsaglike rykdom van kennis wat by die groot universiteite onderrig word, inderwaarheid kinderagtig is! Dit wil voorkom asof die mens, tans, feitlik niks weet nie! Want die verlore skakel in kennis is die belangrikste kennis!

Dus, vra ek die leser om te verwag dat GROOT DINGE in hierdie en komende hoofstukke onthul sal word.

Die “Evangelies” Wat Vandag Verkondig Word

Ek het reeds genoem dat baie evangeliese programme vandag gehoor word. Een gebruik die leuse, “Verkondig Christus aan die Nasies.” Iemand mag vra, “Wel, wat is VERKEERD om oor Christus te preek?” Of, “wat is *verkeerd* daarmee om ‘n evangelie van genade te verkondig?” Of, “Wat is *verkeerd* daarmee om ‘n boodskap van saligheid te verkondig?”

Ek het u die skrifgedeeltes gewys, wat daarop dui dat hulle reeds in die eerste eeu begin het om van ‘n ANDER Jesus te preek—‘n Jesus wat veronderstel was om Sy Vader se gebooie, af te geskaf het—wat “genade” verander het in ‘n vergunning om ongehoorsaam te wees (2 Korinthiërs 11:4,13-15 en Judas 4). Hulle verkondig nie vandag die REGTE Jesus wat gesê het, “Ek het My Vader se gebooie bewaar” en sodoende vir ons ‘n voorbeeld gestel het om dit ook te onderhou.

Indien, diegene, wat daarop aanspraak maak dat hulle ‘n evangelie van SALIGHEID verkondig, saligheid verstaan en kon verkondig WAT dit werklik is—hetsy ‘n PLEK is waarheen gegaan kan word, ‘n verandering van TOESTAND, of WAT—of WAAR—en HOE dit verkry word, mag dit ‘n deel van die ware evangelie wees. Maar vandag se “*evangelie*” programme leer nie wat saligheid *werklik* is of, hoe iemand dit kan verkry nie. Wanneer ‘n blinde ‘n ander blinde lei, val albei in die sloot.

Presies Wat is die Koninkryk van God?

So dit is tyd, dat ons presies VERSTAAN *wat* die Koninkryk van God is!

Wat is ‘n koninkryk? Die Bybel maak melding van etlike koninkryke. Die eerste wêreld koninkryk—die Chaldese Ryk, dikwels “Babilon” genoem—was ‘n koninkryk. God het die profeet Daniël geïnspireer, om aan dié se koning, Nebukadnésar, te sê. “... aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het” (Daniël 2:37).

Dan was daar die koninkryk van Israel—die afstammeling van Israel, wat een van die aarde se nasies of regerings geword het.

Die koninkryk van Israel was ‘n voorloper van die Koninkryk van God, wat uit die Geestelik-gebore kinders van

God sal bestaan —die Familie van God, wat in ‘n regerende Koninkryk, georganiseer is.

Daarom sal die Koninkryk van God tweeledig wees:

‘N REGERING. ‘n Regering—of koninkryk—bestaan uit vier dinge: (a) ‘n KONING,

wat regeer oor (b) mense, onderdane of die inwoners binne (c) ‘n bepaalde regsgebied en met (d) wette en ‘n georganiseerde sisteem om dit te administreer.

‘N FAMILIE (soos wat die koninkryk van Israel wat die familie van die kinders van

Israel was)—in hierdie geval die God Familie —‘n familie waarin mense gebore kan word, wat ‘n heersende of regerende familie sal wees en jurisdiksie oor ALLE NASIES sal hê—dit is die HELE WÊRELD—en later die heelal.

Die Koninkryk: ‘n Regering

Christus sal die Koning van God se Koninkryk wees. Hy is die *Seun* van God, wie Hy as My Vader aanspreek. Wanneer die Kerk—deur ‘n opstanding of oombliklike *verandering* van sterflik na onsterflik (van fisiese na geestelike samestelling)—uit die kinders van God sal bestaan, sal Christus met die Kerk wat sy eggenote sal word, in die huwelik tree. So, dan het ons Vader, Seun, vrou en kinders van die Vader—‘n familieband—die Geestelike God Familie!

Let nou op sommige van die profesieë:

“Daarom sal die HERE self aan julle ‘n teken gee; Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar en hom Immánuel noem [wat “God met ons” beteken]” (Jesaja 7:14).

“Want ‘n Kind is vir ons [Israel] gebore, ‘n Seun is aan ons gegee: en die *heerskappy* is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors— tot vermeerdering van die *heerskappy* en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy *koninkryk*, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaars sal dit doen” (Jesaja 9:6-7).

Die engel Gabriël is ‘n aartsengel—‘n gerub—een van drie wat in die Bybel genoem word. Dit is opgeskryf, “En in die sesde maand [van Elisabeth se swangerskap] is die engel Gabriël deur God gestuur na ‘n stad in Galiléa met die naam van Násaret, na ‘n maagd wat verloof was aan ‘n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria. En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou: geseënd is jy onder die vroue...En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem

word; en die Here God sal aan Hom *die troon* van sy vader Dawid gee, en Hy sal *koning wees* oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:26-33).

Toe Jesus voor Pilatus vir Sy lewe teregestaan het, het die Romeinse heerser aan Hom gesê, “Is U dan tog ‘n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek ‘n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig” (Johannes 18:37).

Jesus het egter aan Pilatus verduidelik dat sy Koninkryk—sy Heerskappy—nié van hierdie wêreld—nou—hierdie huidige eeu is nie, en het gesê, “*My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie... Maar nou is my koninkryk nie van hier nie*” (Johannes 18:36)

Waaroor Christus se Evangelie Handel

Ek sê Christus se evangelie—die boodskap wat Hy van God afgebring het—was die vervroegde goeie nuus van die Koninkryk van God wat gevestig gaan word.

Maar presies wat sluit dit in?

En waarom is die Koninkryk van God nodig?

Presies hoe affekteer en beïnvloed dit u persoonlike en individuele lewe direk?

In werklikheid, is Christus se boodskap van God se Koninkryk wat kom, regstreeks begaan oor wêreldomstandighede soos dit is—met menslike natuur—die bron en oorsprong—van wêreldewels, lyding, ongelukkigheid—met wêreldvrede. Dit raak regerings—en die redes waarom die huidige regerings faal om weldoeners van hul mense te wees, soos wat hulle veronderstel is.

Sy boodskap dring deur tot die kern van persoonlike geluk en die ongelooflike bonatuurlike potensiaal van elke mens. Dit raak die OORSAKE vir die huidige omstandighede, wat tans elke mens affekteer en met die WEG wat alle probleme sal oplos.

Maar dit handel oor baie, baie meer.

Dit raak God se asemrowende, algehele doel as Skepper van die heelal. Dit raak die heelal, gevul met ontelbare sterrestelsels, nebula, sonne, sterre, planeete en God se doel met hulle. Dit raak al die engele—die feit dat een derde van al God se geskape engele, na SONDE gedraai het en waarvoor daar geen redding is nie en God se doel om die ander twee derdes van so ‘n katastrofiese herhaling te weerhou.

Die meeste van bostaande dinge word nooit eens in geestelike leringe, van hierdie wêreld, in aanmerking geneem nie. God se boodskap gaan oor totale waarheid. Wat tot dusver behandel is, moet slegs as die inleiding tot die hele storie van Christus se evangelie boodskap beskou word.